
# Ben en Boet

# 3



# *Ben en Boet*

# *3*


1. Willie se draadkar……………………………1

2. Witvoet blaf……………………………………4

3. Die slang…………………………………………8

4. Witvoet se hondjies……………………12


5. Stompie en die been……………………17

6. Die draadkarre ry……………………….21


Hierdie boek behoort aan ……………………….


Storie deur Fiona Hobson. Prente geleen uit 'Jock of the Bushveld', ook 'n paar geteken deur Heather Oberholzer.

# Willie se draadkar



Ben en Boet is

by Ben se huis.

Hulle sit buite,

onder die boom.

Hulle is besig

om 'n draadkar te maak.

Die nuwe draadkar is vir Ben se boetie.

Sy naam is Willie.


Willie is klein, net vyf jaar oud, maar

hy wil ook 'n draadkar hê.

Ben en Boet is besig om 'n draadkar vir

hom te maak.

Hulle gebruik 'n tang om die draad te buig.



Dit is Hennie se tang.

Hennie is Ben se pa.

Ben gebruik sy pa se tang

om die draad versigtig te buig.

Dit is moeilik om 'n draadkar te maak.

Ben en Boet werk stadig en versigtig.

Klein Willie sit en kyk.

Hy is baie opgewonde oor die kar wat

Ben en Boet vir hom maak.

Hy hou van Ben en Boet.

Hy dink hulle is baie slim.

Hennie se hond, Witvoet, is ook daar.

Sy is 'n mooi bruin hond met een wit poot.

Die hond lê daar onder die boom.

Sy lê en kyk.




"Witvoet!" sê Ben vir haar.

"Witvoet, wil jy ook 'n draadkar hê?"

Willie lag.

Witvoet waai haar stert.


Ben en Boet lag ook.



# Witvoet blaf

Ben en Boet werk op Willie se draadkar.

Stadig en versigtig gebruik hulle die tang om die draad te buig.



Stadig en versigtig bou hulle die draadkar.

Hulle maak die asse.

Hulle maak die wiele vas.

Die draadkar is amper klaar.

Willie is bly.

Hy sit en kyk.


Witvoet is ook daar onder die boom.

Sy lê daar langs Willie, en kyk.

Skielik spring Witvoet op.

Die hond gaan staan by die blomme langs

die voordeur.



Sy staan en blaf

vir iets in die
tuin.

Sy blaf en blaf.

"Wat is dit, Witvoet?" vra Ben.

Hy staan op en gaan kyk.

Witvoet blaf en blaf.

Dit lyk asof daar iets in die blomme is wat

die hond bang maak.

"Wat sien jy, Ben?" vra Boet.

"Daar is iets hier onder die blomme,"

sê Ben. "Ek kan nie mooi sien nie.

Ek sal 'n graaf gaan haal.

Moenie nader kom nie."

Ben hardloop om die huis.

Boet en Willie staan onder die boom

en wag.

Witvoet blaf en blaf.

Sy staan by die

blomme en blaf.

Boet voel bang.



Hy voel bang as die hond so blaf.

Miskien is daar 'n slang in die tuin.

Ben kom gou terug.

Sy pa kom saam.

Hennie bring 'n graaf.

"Ben, gaan staan daar onder die boom

langs Boet en Willie," sê Hennie.

"Julle is almal kaalvoet.


Moenie nader kom nie."

Witvoet staan by die blomme en blaf.

Die hond blaf en blaf.

Ben en Boet en Willie staan en kyk.

Hulle wag om te sien wat gaan gebeur.



# Die slang

Ben se pa staan by die blomme.

Hy is nie bang nie, want hy dra 'n langbroek en goeie sterk skoene.

Hy lig die graaf hoog op en kap na iets agter die blomme.

Witvoet blaf en blaf.

Hennie kap met die graaf.

Ben en Boet en Willie staan en kyk.

Hulle voel opgewonde, maar ook 'n bietjie bang.

Hulle voete is kaal.

Hennie sit die graaf neer.

Hy buk en tel iets op.

Ben en Boet en Willie sien dis 'n slang,

'n lang geel slang, baie groot.


Witvoet hou op met blaf, en kom snuif.

Hennie hou die slang hoog.

Die slang hang met sy kop teen die grond.

'n Bietjie bloed tap uit die slang se kop uit.

Witvoet snuif die bloed.



“Ma!” roep Ben.  “Ma!  Kom kyk die slang!”

Ben se ma se naam is Anna.

Sy kom by die voordeur uit.

Sy skrik toe sy die groot slang sien.

“Toe maar, Ma,” lag Ben.  “Die slang is dood.  Pa het hom doodgemaak.”

Anna is ontsteld.

“Dis 'n geel kapel!” sê sy.

“'n Gevaarlike slang!  Baie giftig!

En so naby aan die huis!

En julle was ook naby!”

Ben glimlag en skud sy kop.

"Witvoet het geblaf," sê hy.

"Sy is 'n slim hond.


Sy weet dat slange gevaarlik is.

Sy het ons gewaarsku."

Hy vryf die hond se kop.

Witvoet waai haar stert.

Almal is bly dat die slang dood is.




## **Witvoet se hondjies**

Willie en sy maats speel lekker met sy nuwe draadkar.

Hulle is baie bly daaroor.

Op en af hol hulle in die strate van Klipplaat.

Hulle hou baie van die draadkar wat Ben en Boet gemaak het.



Eendag het Ben nuus vir Boet.

“Boet, jy moet vandag na my huis toe kom.

Jy moet kom kyk.

Ons het hondjies.

Witvoet het hondjies.”

Daar is ses hondjies, baie klein.

Hulle kan nog nie sien nie.

Witvoet lê daar saam met hulle.

“Mooi hondjies, Witvoet!” sê Boet.

Die hond waai haar stert.

Die hondjies groei vinnig.

Binne ’n paar weke is hulle baie woelig.

Hulle speel en baklei met mekaar.


Hulle maak Witvoet moeg.

Boet kom dikwels na Ben se huis toe.

Hy hou baie van die hondjies.

Hy lag toe hy hulle sien speel.

Hulle hol agter mekaar aan, en byt mekaar.



Eendag is Boet daar toe Ben se ma die

hondjies se kos bring.

"Ben," sê sy, "Kom neem die hondjies se

kos. Sit dit asseblief vir my neer."


“Ja, Ma,” sê Ben, en hy neem die kos.

Dis ’n groot bak pap.

Ben sit die bak op die gras neer.

Boet staan en kyk.

Dadelik hardloop al die hondjies na die bak toe.




“Hulle’s honger, né!” lag Boet.

“Altyd honger!” sê Ben.

Die hondjies stamp mekaar om by die kos te kom.  Een van hulle val in die pap.

Boet lag en lag.



"Die hondjie het ingeval," lag hy.

"Kyk, sy neus is vol pap."

Die hondjies eet tot hulle dik is.

Vir Boet lyk hulle net soos klein varkies,

rond en vet.  Hy lag weer.

Nou wil hulle slaap.


Hulle gaan lê saam op die gras in die son

en raak gou aan die slaap.

Ben en Boet neem hulle draadkarre

en gaan speel.

# Stompie en die been



Boet is weer by Ben se huis.

Hy speel met Witvoet se hondjies.

Hulle is baie woelig.

Boet hou baie van die hondjies.

Ben se broer, Willie, is ook daar.

Hy bring 'n ou been en sit dit op die gras neer.

Een van die hondjies, die grootste, kom vat die been.



Hy begin om aan die been te kou.

Die ander hondjies wil ook die been hê.

Een van hulle kom nader.

Hy is klein, maar dapper.

Die hondjie met die been begin knor.

Die ander hondjie kom nog nader.


Ben en Boet en Willie  sit en kyk.

Die hondjie met die been knor en knor.

Skielik baklei die twee hondjies.

Hulle knor en tjank en maak 'n groot

geraas.



“Gaan hulle nie seerkry nie?” vra Boet.


“Nee,” lag Ben. “Hulle baklei baie.”

Een van die hondjies het gewen.

Boet sien dis die kleiner hondjie.

Die hondjie neem die been en vat dit ’n entjie weg. Hy gaan die been geniet.

Hy het gewen.



Willie is bly.

“Daardie hondjie is my hondjie,” sê hy.

“Sy naam is Stompie.

Hy is klein, maar hy is dapper.


Hy gaan myne wees.”

Boet lag.

“Klein maar dapper!” sê hy.  “En slim ook!”

Ben en Boet lag.

Willie is bly.




# Die draadkarre ry

Willie se draadkar is mooi.

Ben en Boet het hom gehelp om ligte vir die draadkar te maak.

Hulle het hom gewys hoe om doppies op 'n stuk karton vas te maak, and dan om die stuk karton voor op die draadkar vas te maak. Die doppies lyk soos ligte.

Willie hou baie daarvan.



Ben en Boet het hom ook gewys hoe om sy draadkar se bak met karton sterk te maak.

Hulle het hom gewys hoe om blikke vol klippe in die bak op te laai.

Willie is baie  bly.

Willie en sy maats hardloop met die draadkar.

Hulle hol op en af.

Die blikke en klippe raas.

Willie en sy maats lag lekker.

Willie se kar ry vinnig, sonder om te breek nie.  Dit is sterk gebou.

Willie is trots op die draadkar wat Ben en Boet vir hom gemaak het.

Ben en Boet se karre ry ook op en af.

Op en af in die strate ry die draadkarre.

Almal weet dis nie maklik om 'n draadkar te maak nie.

Almal weet dat Ben en Boet goed is met draadkar bou.

